

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**METAALWERK SG  
(Tweede Vraestel: Teorie)**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005  
OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

---

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
  - Sketse mag gebruik word om jou antwoorde te illustreer.
  - Laat ? reël oop en trek ? lyn nadat jy elke vraag beantwoord het.
- 

**VRAAG 1  
MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie moontlike antwoorde (A – D) word vir elk van die volgende vrae voorsien. Dui die korrekte antwoord aan deur ? kruis (X) te trek oor die toepaslike letter teenoor die ooreenstemmende vraagnommer op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek**.

- 1.1 Die vloeimiddel wat by sveissoldering gebruik word, is \_\_\_\_\_ .
- A. sinkchloried  
B. poeierkryt  
C. boraks  
D. kalksteen
- 1.2 Die spil is ? deel van ? \_\_\_\_\_ .
- A. krasblok  
B. buitemikrometer  
C. hoekplaat  
D. winkelhaak
- 1.3 Watter soort oond word gebruik om staal te vervaardig?
- A. Puddeloond  
B. Kupelleeroond  
C. Boogoond  
D. Hoogoond

- 1.4 ? Buitepasser word gebruik om \_\_\_\_\_ .
- A. lengtes te bepaal
  - B. buitediameters te bepaal
  - C. binnendiameters te bepaal
  - D. hoeke te meet
- 1.5 Watter soort koelmiddel word gebruik wanneer geelkoper geboor word?
- A. Olie
  - B. Paraffien
  - C. Water
  - D. Geen koelmiddel
- 1.6 Watter een van die volgende stellings ten opsigte van die posisie van die snykant van ? draaibankbeitel is waar?
- A. Dit moet die middelhoogte van die draaibank wees.
  - B. Dit moet onder die middelhoogte wees.
  - C. Dit moet bo die middelhoogte wees.
  - D. Die posisie van die snyvlak is nie belangrik nie.
- 1.7 Watter een van die volgende metale is ? nie-ysterhoudende legering?
- A. Hoëkoolstaal
  - B. Koper
  - C. Geelkoper
  - D. Aluminium
- 1.8 Wanneer metaal met ? dikte van 3 mm hardsoldeer word, moet die sputtkopgrootte \_\_\_\_\_ wees.
- A. 1
  - B. 7
  - C. 47
  - D. 90
- 1.9 Smeebaarheid van ? metaal beteken die \_\_\_\_\_ .
- A. vermoë van die metaal om tot ? dun draad getrek te word
  - B. vermoë om in alle rigtings gerek te word deur ? proses van walsing of klopping
  - C. weerstand van die metaal teen slytasie of skraping
  - D. vermoë om vloeibaar te word
- 1.10 In watter een van die volgende situasies sou ? selfsentrerende driekloukop gebruik word eerder as ? onafhanklike vierkloukop?
- A. Wanneer stukke vierkantige metaal gehou word
  - B. Wanneer seskantige stawe gehou word
  - C. Wanneer onreëlmatige werkstukke gehou word
  - D. Wanneer werkstukke uit senter gedraai word

1.11 Die elektriese boogswel-, asook die oksiasetileenvlam het ? temperatuur van ongeveer \_\_\_\_\_ .

- A. 2 200°C
- B. 3 500°C
- C. 4 300°C
- D. 1 500°C

1.12 Die punt van ? senterpons is \_\_\_\_\_ .

- A. verhard
- B. getemper
- C. uit gegloei
- D. verhard en getemper

1.13 Die oksiasetileen-sweistrollie is ? voorbeeld van ? hefboom van die \_\_\_\_\_ .

- A. 1ste klas
- B. 2de klas
- C. 3de klas
- D. 4de klas

1.14 Flotteerselle word gebruik in die vervaardiging van \_\_\_\_\_ .

- A. epoksiehars
- B. sagtestaal
- C. koolstofstaal
- D. koper

1.15 Watter een van die volgende is ? kleefmiddel?

- A. Boraks
- B. Epoksiehars
- C. Politeen
- D. Soldeersel

Vrae 1.16 – 1.20 vereis WAAR- of ONWAAR-antwoorde. Gebruik die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek** om jou keuse (A of B) aan te dui.

1.16 Die skroefdraad van die asetileensilinder is linksom.

- A. Waar
- B. Onwaar

1.17 Hefbome word uitsluitlik gebruik om werk makliker te verrig.

- A. Waar
- B. Onwaar

1.18 Die ingenieurswinkelhaak is nie gekalibreer nie.

- A. Waar
- B. Onwaar

1.19 Sagtestaal kan getemper word.

- A. Waar
- B. Onwaar

1.20 Uitgloeiing is ? sagmaakproses.

- A. Waar
- B. Onwaar

[20]

## VRAAG 2

2.1 Bespreek die vyl kortliks onder die volgende hoofde:

- 2.1.1 Klassifikasie (3)
- 2.1.2 Deursneefatsoene (6)
- 2.1.3 Trekvylwerk (2)
- 2.1.4 Dwarsvylwerk (2)

2.2 Verduidelik met behulp van sketse hoe jy ? ingenieurswinkelhaak se akkuraatheid sal toets. (2)

2.3 Sê watter gereedskapstuk, toebehore of hulpmiddel vir elk van die volgende prosesse gebruik word:

- 2.3.1 Om ? rolnaat in plaatmetaalwerk finaal af te werk
- 2.3.2 Om ? ronde of vierkantige staaf se middelpunt te bepaal
- 2.3.3 Om ? klein stukkie plaatmetaal vas te hou vir boorwerk
- 2.3.4 Om boë en sirkels op plaatmetaal te trek
- 2.3.5 Vir die verwydering van ? beskadig moer (5)

[20]

## VRAAG 3

3.1 Beskryf die vervaardiging van koolstaal in die boogoond onder die volgende hoofde:

- 3.1.1 Die elemente wat die lading vorm (6)
- 3.1.2 Die laaiproses (4)
- 3.1.3 Die smeltproses (7)

3.2 Noem DRIE metodes waarvolgens die afwerking van metaal geklassifiseer kan word. (3)


[20]

**VRAAG 4**

- 4.1 Noem, in korrekte volgorde, die AGT hoofmomente in die raffinering van koper vanuit die erts. (8)
- 4.2 Gee SES bewerkingseienskappe van koper. (6)
- 4.3 Watter hars word tydens veselglaswerk gebruik? (1)
- 4.4 Gee VYF bewerkingseienskappe van veselglas. (5)  
[20]


**VRAAG 5**

- 5.1 **Figuur 1** toon ? deursnit van ? U-stuiklas.

**Figuur 1**

- 5.1.1 Wat is die mees waarskynlike oorsaak vir deel **B** wat ? baie geronde profiel het? (1)
- 5.1.2 Wat sou die mees waarskynlike oorsaak wees indien deel **B** ? hol profiel het? (2)
- 5.1.3 Waarom is die opening by **C** noodsaaklik? (1)
- 5.1.4 Watter sweisdefek kan ontstaan indien die las nie afgekant word nie? (1)
- 5.1.5 Sou die afkanting nodig wees indien die plaat 4,5 mm dik was en die boogsweisproses gebruik is? (1)
- 5.2 Teken die volgende lastipes wat op boogsweis van toepassing is:
- 5.2.1 ? U-stuiklas  
5.2.2 ? Kantlas  
5.2.3 ? Hoeklas  
5.2.4 ? X-stuiklas  
5.2.5 ? Halwe V-las  
5.2.6 ? Dubbele U-las (6)

- 5.3 **Figuur 2** hieronder, toon ? voorstelling van die beskermde ligboog by die boogsweisproses.



**Figuur 2**

- 5.3.1 Wat is die funksies van deel **A** (die pasta-omhulsel)? (5)
- 5.3.2 Wat is die funksies van deel **B** (die metaalkern)? (2)
- 5.3.3 Wat is die funksies van deel **C** (die gasagtige rookskerm)? (1)  
**[20]**

#### VRAAG 6

- 6.1 Beskryf puntsgewys hoe jy die gasdruk van die gassweistoestel sal instel, die sveisvlam sal aansteek, asook hoe jy dit tot ? neutrale vlak sal verstel.  
Let wel: Die apparaat is reeds gemonteer en albei silinderkleppe is toe. (10)
- 6.2 Noem DRIE sigbare verskille tussen die suurstof- en die asetileensilinder. (3)
- 6.3 Beskryf puntsgewys hoe hoëkoolstaal verhard en getemper kan word in die metaalwerksentrum. (7)  
**[20]**

#### VRAAG 7

- 7.1 Skryf die formule neer om katrolsnelhede te bepaal en verklaar elke simbool. (5)
- 7.2 Noem die VYF algemene tipes boutkoppe. (5)
- 7.3 Gee VYF verskille tussen hard- en sagsoldering. (5)
- 7.4 Noem DRIE faktore wat ? goeie soldeerlas sal verseker. (3)
- 7.5 Noem TWEE redes waarom koper gebruik word vir die vervaardiging van soldeerpunte. (2)  
**[20]**

**VRAAG 8**

- 8.1 Noem VYF aspekte waaruit ? snylys kan bestaan. (5)
- 8.2 Noem die VYF basiese beginsels van ontwerp. (5)
- 8.3 Skryf die volgende lys name onder mekaar neer en langs elke naam of dit ? vloei-, koel-, of ? smeermiddel is.
- 8.3.1 Olie  
8.3.2 Terpentyn  
8.3.3 Paraffien  
8.3.4 Harpuis  
8.3.5 Seepwater  
8.3.6 Salmiak  
8.3.7 Boraks  
8.3.8 Wassoda (8)
- 8.4 Verduidelik kortliks die verskil tussen ? vloei- en ? smeermiddel. (2)  
**[20]**

**VRAAG 9**

- 9.1 Verduidelik kortliks wat ? **staalallooi** is. (3)
- 9.2 Sê uit watter VIER metaalsoorte die allooii, sneldraaistaal, saamgestel is. (4)
- 9.3 Noem die handgereedskap wat gebruik word vir die sny van
- 9.3.1 binneskroefdraad. (2)  
9.3.2 buiteskroefdraad. (2)
- 9.4 Noem vier redes waarom ? smeermiddel (olie) by die sny van skroefdraad gebruik word. (4)
- 9.5 Bespreek stapgewys, hoe jy M6-mm-binneskroefdraad deur ? plaat van 20 mm dik sal sny. Noem alle stappe en prosesse. (5)  
**[20]**

**VRAAG 10**

- 10.1 Noem DRIE veiligheidsmaatreëls wat in gedagte gehou moet word wanneer met ? poleerwiel gewerk word. (3)
- 10.2 Maak ? skets van ? draaibankbeitel om die volgende hoeke aan te toon:
- 10.2.1 Voorste vryloophoek  
    10.2.2 Beitelhoek  
    10.2.3 Rughellingshoek (3)
- 10.3 Noem SES aspekte waarna jy sal oplet met die vervanging van die amarilslypwiel se skyf. (6)
- 10.4 Noem DRIE apparate/masjiene in die metaalwerksentrum waar linkerhandse skroefdraad gebruik word. (3)
- 10.5 Noem VYF prosesse wat op ? metaaldraaibank uitgevoer kan word. (5)

[20]

**TOTAAL: 100**